Tema: Geloofsgroei noodsaak verandering in myself en in die kerk!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 203: 1,2,3
Lied 191:1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 110 - 3: 1,2,3;
Votum
Seën
Lofsang Sb 1 - 6: 1,2,3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20
Sing Sb 12 - 4: 1,2,3
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Lukas 5: 33 - 39
Matteus 13: 44 - 52.
Teks: Lukas 5: 36 - 39
Sing Sb 14 - 4: 1,2,3,4
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Belydenis van geloof
Sing Ps. 20 - 1: 4,5 (Mel Sb 18 - 6)
Liefdegawes
Gebed
Sing Ps. 92 - 1: 6,7
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Niks wat groei bly dieselfde nie! Dit verander voortdurend. Dit is ’n gegewe in die natuur dat iets wat groei verander - so ook ’n mens se geloof! Dit kan nooit dieselfde bly nie! Dit wat ons met die Vlamvat-projek beoog nl. dat ons die vuur van ons geloof wil aanblaas beteken ook dat iets moet verander! Die flou kole moet vuurvlamme word! Iets moet verander sodat die vuur hoog kan brand.

Dit is ’n bekende feit dat enige mens van nature weerstand bied teen verandering! Ons wil van nature in die gemaksone bly waar ons is en die duiwel jubel hieroor want dan verhoed hy die groei wat God in ons bewerkstellig. Net so moet ek en jy bereid wees om te verander, te vernuwe, anders kan ons nie groei in ons verhouding met God nie!

Oor die kwessie van verandering is daar twee groepe mense in die kerk. Daar is lidmate wat voel dat niks in die kerklike lewe mag verander nie, dat alles altyd dieselfde moet bly. Maar dan is daar aan die ander kant lidmate wat voel dat alles verander moet word. Beide hierdie twee gedagterigtings is die negatiewe uiterstes van dit wat die Here ons in ons teksgedeeltes wil leer.

Want uit hierdie twee gedeeltes leer die Here ons dat daar dinge is wat moet verander, maar dat daar ook dinge is wat nie kan verander nie. Daar is nuwe en ou dinge in die Koninkryk van God en ons moet al twee - die oue en die nuwe - gebruik om ons lewe as gelowiges en as kerk te vorm.

Dit wat nie mag verander nie is die ewige beginsels wat God in sy Woord vir ons gee om ons lewe op te bou. En dit wat wel kan en moet verander is die wyses waarop ons hierdie beginsels toepas in ons lewe sodat ons altyd nuut kan wees, altyd kan groei in die geloof om te kom tot geloofsvolwassenheid!

Geloof, br. en sr. is 'n onophoudelike proses van groei en groei hou ook verandering in. Die inhoud bly altyd dieselfde, maar die vorm verander wel. Daarom is die tema van die prediking: Geloofsgroei noodsaak vernuwing in myself en in die kerk.
Geen groei kan sonder verandering plaasvind nie. So kan ‘’n gemeente ook nie groei is daar veranderinge kom wat die groei stimuleer en bevorder nie.

Die agtergrond van en die aanleiding tot die vraag van die mense waarom Jesus se dissipels nie vas nie, is belangrik om die gedeelte in Lukas 5 reg te verstaan. Die Ou Testamentiese wet het net een voorgeskrewe vasdag vasgestel naamlik op die Groot Versoendag wanneer die priester in die Allerheiligste ingaan om versoening te doen vir die volk se sonde. Verder was daar in die Ou Testament voorskrifte vir persoonlike vas in tye van rou of bekering.

Die Fariseërs het egter vrywillig - om die aandag van mense op hulle godsdienstige toewyding te vestig - die voorskrif gestel dat daar elke Maandag en Donderdag gevas moet word. Johannes die Doper se dissipels het ook hierdie menslike voorskrifte streng nagekom.

Op so 'n selfopgelegde vasdag hou Jesus en sy dissipels egter 'n feesmaaltyd saam met Levi in sy huis en nou gebruik die mense dié geleentheid om Jesus weer te probeer vasvra en te ontbloot as 'n kerkvreemde leraar. En dan toon die Here aan hulle dat Hy as Verlosser van sondes ons nie hou aan die voorskrifte van mense nie. Hy hou ook nie sy

dissipels aan die wet op dieselfde wyse waarop die Fariseërs dit gedoen het nie. Hulle wou die wet nakom om so vir hulleself verlossing van sondes en die ewige lewe te bewerk.

Maar – die ware Wet is: vir hulle wat in Jesus glo, gee Hy verlossing van sondes en skenk Hy die ewige lewe as 'n geskenk. Daarom is daar in die nuwe bedeling – vreugde in die uitlewing van geloof en nie die swaar laste van mensgemaakte wette nie. Daarom gebruik Jesus die voorbeeld van 'n bruilof - Hy is die bruidegom en deel aan sy gaste geskenke uit wat in hulle vreugde bring - dit is nie nou meer nodig om te vas nie. Natuurlik het Jesus ook self gevas - maar dan op die regte wyse en dit is wat Hy vir sy dissipels wou leer.

Die Fariseërs kon dit nie verstaan nie. En daarom gebruik die Here twee beelde om hulle godsdiens en hulle geloofskwaliteit te openbaar. Hulle is soos ou klere wat 'n mens nie met 'n nuwe lap kan regmaak nie, want die nuwe ongekrimpte lap sal die ou klere skeur wanneer dit gewas word en krimp. En hulle is in die geloof soos ou wynsakke wat nie meer kan rek as die nuwe wyn daarin gis nie. Daarom kan 'n mens nie nuwe wyn in ou sakke gooi nie. Nuwe wyn kom in nuwe sakke. Geliefdes, die punt is: Jesus se nuwe evangelie kan nie in die vorm van ou Joodse voorskrifte gegiet word nie - dit vra 'n nuwe vorm.

Hiermee, br. en sr. wil die Here vir ons leer dat 'n gelowige geestelik soepel moet wees om te verander en te groei. As die Fariseërs bereid was om te verander en te groei sou hulle ook kon deel aan die nuwe evangelie van verlossing wat Christus gebring het. Maar hulle kon nie. Want dit vra 'n nuwe innerlike lewe. Dit vra 'n nuwe belewing van geloof - nl. vreugde oor die verlossing wat ons reeds ontvang het en nie selfopgelegde wette wat waarmee ons probeer om verlossing te verdien nie. Die evangelie wat Christus bring en wat Hy aan 'n mens gee vra ook dat jy jou lewe moet verander sodat jy hierdie nuwe evangelie op die regte wyse moet kan uitleef. Jy moet bereid wees op 'n nuwe manier diensbaar aan God te wees.

Een van die Fariseërs, Nikodemus, het baie hiermee geworstel. Hy maak toe met Jesus 'n afspraak in die nag omdat hy bang was die ander Fariseërs sou dit uitvind. Hy wou gaan uitvind presies hoe werk dit en hoe is dit moontlik dat 'n mens so kan verander en geestelik kan groei. In Johannes 3 vers 5 gee die Here vir Hom die antwoord: Die Heilige Gees moet jou eers verander. Jy moet eers geestelik weer gebore word, dan kan jy deel kry aan hierdie nuwe evangelie van verlossing deur Jesus Christus. God het deur sy Gees in Nikodemus gewerk en hy was bereid om te verander sodat hy ook tot nuwe geestelike groei kon kom. Nikodemus het later een van Jesus se getrouste dissipels geword.

Hoe kan ons dus geestelik groei? Alleen deur die Gees van God kan 'n mens geestelik groei en vernuwe. Hy wat Jesus in ons gegee het om ons te lei in die geloof, dit is Hy wat ons laat groei en vernuwe. Dit is Hy wat my van my ou verkeerde weë laat omdraai om op die nuwe pad van geloof te gaan. Ons het verlede week uit Spreuke gehoor dat hierdie vernuwing in ons gedagtes moet begin want ons gedagtewêreld is die spieël van wie ons eintlik is.
Paulus beklemtoon ook hierdie waarheid in Rom. 12: 2 as hy ons leer: julle gedagtes moet vernuwe word! As jy wil groei moet jy nuut oor jouself en oor God en oor geloof kan dink en jy moet dan anders daarvolgens leef! Jy kan nie ŉ nuwe gedagte hê maar op jou ou weë bly voortleef nie!

Want geliefdes, vernuwing of verandering is niks anders as bekering! Dat ek wegdraai van my ou leefstyl wat my vasvang en keer dat ek aan God gehoorsaam is en dat ek regtig ŉ

nuwe en ander begin maak. As ek nie bekeer nie, gebeur daar niks nie! Wanneer ek dus agterkom dat daar fout is met my geloofslewe! As ek nie groei en nuut lewe nie – dan moet ek vra: waar ek het vasgehaak in my geloofsuitlewing? Is daar ou sondige gedagtes, of gewoontes waarvan ek nie breek nie – en dit keer dat ek kan groei!
Net so ook ŉ gemeente: is daar nie sondige gewoontes en gedagtes of gebruike in ŉ gemeente se lewe wat maak dat ons nie geestelike groei nie! En as daar is – dan moet ons ons bekeer! Dan moet ons anders dink en anders doen! Ons kan nie maar net op die ou weg bly aangaan nie!

En nou is die vraag br. en sr. , is ons nog geestelik soepel en bereid om te bekeer? Of het ons dalk soos die Fariseërs ou, verharde wynsakke geword wat nie meer bereid is om te verander en te vernuwe nie? Is ek bereid om my lewe te verander sodat ek meer gehoorsaam aan die Here kan wees? Is ek bereid om dinge anders te doen as dit sterker daartoe kan bydrae dat ek geestelik kan groei en geloofsvolwasse kan word? Is ons as gemeente bereid om nuwe weë te vind waarmee ons die blye verlossing in Christus kan uitleef?

Op hierdie vrae moet jy en ek elkeen vir ons 'n antwoord vind. En dan moet ons met onsself en ons eie geestelike lewe begin. As ons nie wil vernuwe en geestelik wil groei nie, dan kan ons as gemeente ook nie vernuwe en geestelike groei nie. Br. en sr. , wanneer jy dus die Here met jou hoor praat uit sy Woord, wanneer jy sien hoe die Here in jou lewe met jou werk , wanneer jy die Heilige Gees in jou gewete hoor praat, hoe reageer jy daarop? Gee ons ag en probeer ons ons lewe verander of luister ons maar net en gaan dan weg - soos die Fariseërs. Dan het ons ook ou wynsakke geword - nie meer diensbaar in God se Koninkryk nie.

Die Here Jesus gee vir ons 'n tweede beginsel oor vernuwe en verandering in Matteus 13: 52. Onthou nou: met Jesus se koms het Hy 'n nuwe bedeling gebring wat geestelike soepelheid, verandering en vernuwing van gelowiges vereis. En ons wat nou deel is van hierdie nuwe bedeling - wat Hy hier in Matteus 13 “die Koninkryk van God” noem - ons moet hierdie verandering op die regte wyse toepas.

Ons wat deur Gods genade deel geword het van hierdie nuwe Koninkryk en daarin opgelei is sodat ons ware Skrifgeleerdes is, ons moet altyd leerlinge in die Koninkryk van God bly. Die ware Skrifgeleerde is die een wat bly leer. Daarmee bevestig Jesus die eerste beginsel. Ons moet altyd bereid wees om te soek na nuwe kennis, na nuwe wyses waarop ons die skat van die evangelie kan toepas in ons lewe.

Die Here gebruik hier die beeld van 'n ryk man wat 'n huis vol skatte het. Ons is so ryk omdat ons die ware geloof en die ware evangelie het en daaruit kan leef. En uit ons skatte moet ons ou en nuwe dinge haal om dit aan mense uit te deel. In die nuwe Koninkryk van Christus is daar ou en nuwe dinge.

Die ou dinge br. en sr. is die ewige vaste beginsels van God se Woord wat nooit kan verander nie. Maar hierdie ou beginsels kan en moet ook in nuwe vorme gegiet word sodat ons kan bly groei. As 'n mens dus jou eie persoonlike geloofslewe en die lewe van 'n gemeente wil vernuwe dan moet dit altyd gebonde bly aan die beginsels van Gods Woord.

Die Woord is ons skatkamer en uit die Woord haal ons die beginsels waarop ons ons geloofslewe en die kerk se lewe bou, maar dit word ook in nuwe vorme gegiet. Nuwe

dinge waarmee ons ons geloof wil vernuwe en wil groei - nie nuwe dinge net om nuut te wees nie.

Geliefdes, die wonder van die evangelie is: Jesus bring ŉ nuwe bedeling waarin Hy ons lewe kom nuut maak! ŉ Bedeling waarin ons ons geloof met vreugde en blydskap kan uitleef! Hy gee ons nuwe harte en ŉ gelooflewe vol genade waarmee ons ons lewe kan laat groei en vernuwe! Hy gee ons sy Woord waaruit ons ou en nuwe moet haal!

Geloofsgroei is die kenmerk van hierdie nuwe lewe in Christus. In en deur Hom kan ek nie dieselfde bly nie! As ek dieselfde ou mens bly dan is daar ernstige fout met my geloofslewe! As ek net aan die oue wil vashou en nie nuut wil leef nie- dan is ek onbruikbaar soos ŉ ou wynsak! As ek die beginsels van God se Woord weggooi en daarsonder myself wil vernuwe dan is ek ook onbruikbaar soos ŉ nuwe lap waarmee ou klere gelap word.

Daarom kom ons wees soos leerlinge wat onder leiding van die Gees ou en nuwe dinge uit die Woord van God haal en ons lewe daarmee vorm. Alleen so sal ons geloof groei en sal ons elkeen en ons gemeente meer en meer soos Christus word.

Amen.